PHILAGRO S.A.

RIZOLEX WP

Reg. No. / Nr. L6376 of / van Wet / Act No. / Nr. 36 of / van 1947
Namibian Reg. No. / Nr. N-AR-1239 of / van Act / Wet No. / Nr. 36 of / van 1947
Botswana Reg. No. / Nr. W130344

A protective contact action wettable powder fungicide for the control of *Rhizoctonia* damping off on seedlings of ornamentals, flowering plants, cotton and beans, as listed, as well as the control of *Corticium rolfsii* on chincherinchee bulbs and Rhizoctonia on potatoes.

'n Berskermende benatbare poeier swamdoder met 'n kontakaksie vir beheer van *Rhizoctonia* verwelksiekte op saailinge van blomme, sierplante, bone en katoen, soos aangetoon, asook die beheer van *Corticium rolfsii* op bolle van tjienkerientjee en Rhizoctonia op aartappels.

FUNGICIDE GROUP CODE	F3	SWAMDODERGROEPKODE

ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL

Tolclofos methyl.....…..500 g/kg .....…….Tolklofosmetiel

Net mass . **kg** **Netto massa**

REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER
PHILAGRO SOUTH AFRICA (PTY) LTD (EDMS) BPK
REG. NO. 1998/010658/07 REG. NR
PO BOX 36213
MENLO PARK 0102
TEL: 012-348-8808

***RIZOLEX** is the registered Trade mark of/is die geregistreerde Handelsnaam van Sumitomo Chemical Co., Tokyo, Japan

Batch Number..... .....Lotnommer

Date of manufacture…..... .....Vervaardigingsdatum

UN NUMBER: 3077

EMERGENCY NUMBERS / NOODNOMMERS:
Griffon Poison Information Centre: 082 446 8946
Tygerberg Hospital Poison Centre: 086 155 5777

Vir volle besonderhede, lees asseblief die ingeslote voubiljet.
For full particulars, please read the included label

INCLUDED LABEL

Rizolex WP
Reg. No: L6376 of Act No. 36 of 1947
Namibian Reg. No: N-AR-1239 Act of 1947; Botswana Reg. No: W130344

A protective contact action wettable powder fungicide for the control of *Rhizoctonia* damping off on seedlings of ornamentals, flowering plants, cotton and beans, as listed, as well as the control of *Corticium rolfsii* on chincherinchee bulbs and Rhizotonia on potatoes.

Contains:
Tolclofos methyl 500 g/kg

REGISTRATION HOLDER:
PHILAGRO SOUTH AFRICA (PTY) LTD
REG. NO. 1998/010658/07
PO BOX 36213
MENLO PARK 0102
TEL: 012-348-8808

CAUTION

WARNINGS

Do not use treated seed for human or animal consumption.

May irritate eyes, nose, throat and skin.

Harmful if inhaled or swallowed.

Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.

Store away from food and feeds.

Never allow **RIZOLEX WP** to become wet or damp during storage because this may lead to certain chemical changes which will reduce the effectiveness of **RIZOLEX WP** as a fungicide.

Toxic to fish.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the disease against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier or registration holder in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

Avoid excessive inhalation of dust.

Avoid contact with skin, eyes and clothing.

Wash with soap and water after use.

Do not store the product outside the original container.

Always keep the original container tightly closed.

Do not contaminate water supplies, dams or rivers, food, feeds and eating utensils.

Rinse empty container three times with a volume of water equal to a minimum of 10 % of that of the container. Add the rinsings to the contents of the spray tank before destroying the container in the prescribed manner.

Destroy empty container and do not re-use for any other purpose.

RESISTANCE WARNING

RIZOLEX is a group code F3 fungicide. Any fungal population may contain individuals naturally resistant to **RIZOLEX** and other group code F3 fungicides. The resistant individuals may eventually dominate the fungal population if these fungicides are used repeatedly. These resistant fungi may not be controlled by **RIZOLEX** or any other group code F3 fungicide

To delay fungicide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of fungicides from the same group code. Alternate or tank mix with products from different group codes
- For tank mixing or alternation with products in fungicide group code M, refer to applicable individual product labels
- Integrate other control methods (chemical, biological, cultural) into disease control programmes

For specific information on resistant management contact the registration holder of this product.

DIRECTIONS FOR USE: Use only as indicated

CROP/DISEASE	DOSAGE	REMARKS
ORNAMENTAL AND VEGETABLE SEEDLINGS **ALL CROPS** *Rhizoctonia* damping off	100 g/100 ℓ water (10 g/10 ℓ water)	**Substrate Drench Treatment** Apply to growing medium before or just after sowing. Apply at least 3 ℓ/m².

NOTE:

i) Efficacy of **RIZOLEX WP** can be affected by the content of the growing medium used in various potting mixtures.

ii) Germination of certain ornamental varieties may be adversely affected by treatment with **RIZOLEX WP**. Always conduct a phytotoxicity test on small scale before large scale usage.

CROP & DISEASE	DOSAGE	REMARKS
BEANS (Green and dry beans) *Rhizoctonia* damping off	3 g/kg seed	**Seed treatment** Apply product to seed that has been sufficiently moistened with a solution of 0,5 ℓ of water + 5 g methyl cellulose or 0,5 ℓ water + 30 g of sugar/50 kg seed. Ensure thorough mixing of seed and product to obtain optimal coverage, before planting.
CHINKERINCHEE *Corticium rolfsii*	15 kg/ha 100 g + 50 g thiram wp + 50 g cabtab wp/10 ℓ water	**Soil Drench Treatment** Treat the area where the bulbs have been planted. Application can be made through an irrigation system, and must be repeated every 14 days, particularly during hot, humid conditions. **Bulb Treatment** Dip the bulbs in the solution before export.
NOTE: For optimal results, it is recommended that both above treatments be carried out.		
COTTON Rhizoctonia damping off	2 g/kg seed	**Seed Treatment** Apply product to seed that has been sufficiently moistened with a solution of 0,5 ℓ of water + 5 g methyl cellulose or 0,5 ℓ of water + 30 g of sugar/50 kg seed. Ensure thorough mixing of seed and product to obtain optimal coverage, before planting.
POTATOES Black scurf and stem canker. *Rhizoctonia solani*	500 g + 500 g Thiram 75% WP per 100 ℓ water Seed potatoes: 250 g/1000 kg of tubers Table potatoes: 200 g/1000 kg of tubers	**Dip Treatment** Dip tubers shortly before planting for 5 minutes. Allow to dry off **Low Volume Application*** Apply RIZOLEX WP diluted with water to a final volume of 2-3 ℓ spray suspension per 1000kg tubes with a "Spraymiser" or comparable equipment. Use the lower volume for tubers harvested from sandy soils and the higher volume for tubers from clay soils. 1. <u>Pre-Storage treatment</u> Apply to certified tubers after sorting and prior to storing for 1-3 months. 2. <u>Pre-plant treatment</u> Apply to certified seed potatoes shortly before planting.

***The treatment with **Rizolex WP** will have no effect on the development of *Trichoderma spp*, which aids in the biological control of *Rhizoctonia solani*.

INGESLOTE VOUBILJET

Rizolex WP
Reg. Nr: L6376 van Wet Nr.36 van 1947
Namibian Reg. Nr: N-AR-1239 van Wet 36 van 1947; Botswana Reg. Nr: W130344

'n Berskermende benatbare poeier swamdoder met 'n kontakaksie vir beheer van *Rhizoctonia* verwelksiekte op saailinge van blomme, sierplante, bone en katoen, soos aangetoon, asook die beheer van *Corticium rolfsii* op bolle van tjienkerientjee en Rhizoctonia op aartappels.

Bevat:
Tolklofosmetiel 500 g/kg

REGISTRASIEHOUER
PHILAGRO SOUTH AFRICA (EDMS) BPK
REG. NR. 1998/010658/07
POSBUS 36213
MENLO PARK 0102
TEL: 012-348-8808

VERSIGTIG

WAARSKUWINGS

Moenie behandelde saad vir menslike of dierlike gebruik aanwend nie.

Kan oë, neus, keel en vel irriteer.

Nadelig wanneer ingeneem of ingeasem word.

Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

Stoor weg van voedsel en voer.

Verhoed dat **RIZOLEX WP** klam of nat word tydens bewaring omdat dit kan lei tot chemiese veranderinge wat die swamdodende doeltreffendheid van **RIZOLEX WP** sal verlaag.

Giftig vir visse.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die siekte teen die betrokke middels sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer of registrasiehouer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS

Vermy oormatige inaseming van poeier.

Vermy kontak met vel, oë en klere.

Was met seep en water na gebruik.

Moet nie produk buite die oorspronklike houer opberg nie.

Hou oorspronklike houer altyd dig toe.

Verhoed besoedeling van waterbronne, damme en riviere, voedsel, voer en eetgerei.

Spoel leë houer drie keer uit met ‘n volume water gelykstaande aan ‘n minimum van 10 % van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word.

Vernietig die houer wanneer leeg en moet vir geen ander doel gebruik nie.

WEERSTANDSWAARSKUWING:

RIZOLEX is ‘n groepkode F3 swamdoder. Enige populasie van ‘n spesifieke swam mag individue insluit wat ‘n natuurlike weerstand teen **RIZOLEX** of enige ander groepkode F3 swamdodoer het.Indien hierdie swamdodoer herhaaldelik gebruik word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die populasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **RIZOLEX** of enige ander groepkode F3 swamdoder beheer word nie.

Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- Vermy eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde groepkode. Wissel af, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende swamdodergroepkodes.

- Raadpleeg toepaslike individuele produketikette wanneer daar afgewissel word, of tenkmengsels gemaak word, met produkte in swamdodergropkode M.

- Integreer ander beheermaatreels (chemies, biologies en verbouing) in swamdoder programme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbetuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui

GEWAS & SIEKTE	DOSIS	OPMERKINGS
SIERPLANT- EN GROENTE SAAILINGE **ALLE GEWASSE** *Rhizoctonia* saailing verwelksiekte	100 g/100 ℓ water (10 g/10 ℓ water)	**Groeimedium Loogbehandeling** Dien toe op groeimedium voor of net na saai, teen ten minste 3 ℓ/m².

NOTA

i) Die effektiwiteit van **RIZOLEX WP** kan beinvloed word deur die inhoud van die groeimedium wat in verskillende potmengsels gebruik word.

ii) Die ontkieming van sekere blom- en sierplante mag nadelig beinvloed word deur die behandeling met **RIZOLEX WP.** Dit is dus raadsaam om ‘n fitotoksisiteitsproef op klein skaal uit te voer alvorens die produk op groot skaal aangewend word.

GEWAS & SIEKTE	DOSIS	OPMERKINGS
BONE (Droë- en groenbone) *Rhizoctonia* saailing Verwelksiekte	3 g/kg saad	**Saadbehandeling**. Meng die produk en die saad (wat vooraf aangeklam is met 'n oplossing van 0,5 ℓ water + 5 g metiel sellulose of 0,5 ℓ water + 30 g suiker/50 kg saad). Verseker deeglike vermenging van saad en produk vir optimale bedekking alvorens geplant word.
TJIENKERIENTJEE *Corticium rolfsii*	15 kg/ha 100 g + 50 g thiram wp + 50 g kaptab wp/10 ℓ water	**Grondloogbehandeling.** Behandel die area waar die bolle geplant is. Die middel kan deur 'n besproeiingstelsel toegedien word met tussenposes van 14 dae, veral tydens warm, bedompige dae. **Doopbehandeling van bolle.** Die bolle moet direk voor uitvoer in die suspensie gedoop word.
NOTA: Vir optimale beheer word aanbeveel dat beide bogenoemde behandelings toegepas word.		
KATOEN *Rhizoctonia* saailing verwelksiekte	2 g/kg saad	**Saadbehandeling** Meng die produk en die saad (wat vooraf aangeklam is met 'n oplossing) van 0,5 ℓ water + 5 g metielsellulose of 0,5 ℓ water + 30 g suiker/50 kg saad). Verseker deeglike vermenging van saad en produk vir optimale bedekking alvorens geplant word.
AARTAPPELS Swartskurf en stam kanker. *Rhizoctonia solani*	500 g + 500 g Thiram 75% WP/100 ℓ water Saadaartappels: 250 g/1000 kg moere Tafelaartappels: 200 g/1000 kg moere	**Doopbehandeling** Doop moere kort voor plant vir 5 minute en laat moere afdroog. **Lae Volume Toediening*** Dien Rizolex WP toe verdun tot 'n finale watervolume van 2 – 3 ℓ per 1000kg moere met 'n "Spraymiser" of vergelykbare toerusting. Gebruik die laer volume om moere te behandel wat in sandgrond gekweek is, en die hoër dosis vir moere afkomstig uit swaarder klei gronde. 1. <u>Voor-opberging behandeling:</u> Dien toe op gesertifiseerde moere, voor opberging vir 1-3 maande. 2. <u>Voor-plant toediening:</u> Dien toe op gesertifiseerde moere kort voor plant.

*Die behandeling met **Rizolex WP** sal nie die ontwikkeling van *Trichoderma spp.* beïinvloed nie. Die swam is behulpsaam met die biologiese beheer van *Rhizoctonia solani*.